



'n Mooi lam, ooi en ram. Ten spyte van die reënval van net 132 mm per jaar, gedy die Dorpers in die distrik Kenhardt.



Web is skaapboer se gids **TOT SUKSES**

Daar is net twee boeke in dié Karoo-boere se lewe: Die Bybel en sy "landbou-bybel". Laasgenoemde is 'n stel gebinde artkels oor veeboerdery vanaf *Landbouweekblad* se webwerf. Hulle volg dit slaafs na om sukses in hul Dorper-stoetery te behaal.

Hulle is nie net pa en seun nie, maar ook goeie vriende wat hul liefde vir die Karoo en Dorpers saam uitleef, sê mnre. Charl Saunderson sr. en jr. van die Nooitgedachtstoetery, Kenhardt. Saam stel hulle doelwite en bepaal hulle die seleksiebeleid van hul stoetery. Vir die Saundersons is die doelwit funksioneel aangepaste Dorpers met 'n bogemiddelde groei-indeks en wat aan al die rasstandaarde voldoen, want vir hulle kom dit op gehalte en optimale wins neer.

Met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 132 mm selekteer hulle vir ooië wat lamers op die veld goed kan grootmaak.

In 2006 het Saunderson jr. 'n boeredag bygewoon wat deur dr. Jasper Coetzee, tegniese direkteur van Voermol, aangebied is. Daar het hy besef as suksesvolle sportlui, soos Roger Federer, Ernie Els en Victor

Matfield, afrigters gebruik om hul potensiaal te bereik en te behou, hoekom nie hy nie? Daar is soveel kennis, navorsing en kundigheid beskikbaar wat hy kan benut om na 'n volgende vlak van winsgewende skaapboerdery te vorder. Foute in die landbou is net te duur en die winsmarge te klein om onnodige skoolgeld te betaal.

Coetzee het hom aan die wêreld van **Landbou.com** bekend gestel, wat ook die kundigheid insluit van dr. Faffa Malan, dieregesondheidskonsultant, en dr. Willie Smith, voedingskundige van Animalia.

Malan het hom met die ontwikkeling van 'n seleksiemodel vir die verhoging van die vrugbaarheid van sy kudde gehelp. Smith lewer sedertdien bydraes ten opsigte van spoorelemente en evalueer die uitslae van lewermonsters. Coetzee se bydrae behels onder meer voeding en meer bepaald

die aanvulling van tekorte om die ooië in 'n optimale staat van produksie te plaas.

"Ons handhaaf sekerlik van die strengste seleksiemetodes in die skaapbedryf en ons kan met eerlikheid sê dat ons elke ooi die bes moontlike kans gee om optimaal voort te plant. As sy nie daarvan gebruik maak nie, ondersteun ons graag die vleisbedryf," sê Saunderson jr.

Hy sê die inligting wat dié manne op die webwerf beskikbaar stel, is vir hom van onskatbare waarde.

"Ek glo enige onderneming se plafon word deur die kundigheid van sy bestuur bepaal. Derhalwe moes ek groei of die groei van my boerdery inboet," sê hy.

Hy het hom toegespits op onderwerpe oor vrugbaarheid en optimale produksie by skape, oor koggelramme, prikkelvoeding, spoorelemente, skaapskaduwees en ram- en ooiëgesondheid, byvoorbeeld Brucella en ensootiese aborsie. Hy het die artkels uitgedruk en in boekvorm gebind vir die gebruik as opleidingsmateriaal vir hom en sy werkers.

Kundige plaasbestuur is vir hom belangrik, maar eweneens dat sy personeel die belang daarvan besef. "My ervaring is dat elkeen die rede, waarde en gevolge van opdragte verstaan en dit juis daarom tot op die letter uitvoer. Die bemagtiging van werkers vind voortdurend plaas, en



Mnr. Charl Saunderson sr. by 'n trop jong ramme wat nog aan keuring onderwerp word. Net die beste word as vervangingsramme vir die stoetery gebruik en die ander vir die boerdery se kommersiele kudde.



Mnre. Charl sr. (links) en Charl jr. Saunderson by die ram Oscar.

WEN 'N DORPER-STOETRAM

Mnr. Charl Saunderson jr. van Kenhardt het 'n uitsoek-Dorperram geskenk vir 'n kompetisie in *Landbouweekblad* en op Landbou.com. 'n Gelukkige leser kan dié ram self gaan uitsoek en huis toe neem. Stuur slegs 'n SMS om in aanmerking vir die prys te kom.

Reëls vir deelname:

1. Slegs mense wat in Suid-Afrika boer, kan vir die kompetisie inskryf.
2. Deelnemers moet 'n SMS stuur om vir die prys in aanmerking te kom.
3. Die kompetisievraag is: Wat is die veearts se van wat Vra vir Faffa op Landbou.com aanbied? SMS die antwoord aan 37503. Elke SMS kos R1,50.
4. Die wenner moet die ram op die plaas Nooitgedacht, Kenhardt, in die Noord-

Kaap gaan uitsoek en afhaal. Die reëlings daarvoor moet tussen die wenner en ramteler getref word. Die wenner moet sy eie versekering vir die ram reël.

5. Die wenner moet die ram binne 'n redelike tyd gaan uitsoek en afhaal.
6. Die skenker sal 'n groep van vyf ramme in die prysklas van R5 000 elk beskikbaar stel, waaruit die wenner een ram moet kies.
7. Die naam van die wenner sal op 21 Mei 2010 getrek word en Landbou.com sal die wenner kontak en in kennis stel. Dit sal ook in *Landbouweekblad* en op Landbou.com gepubliseer word.
8. *Landbouweekblad* en Landbou.com sal geen korrespondensie oor die kompetisie voer nie.

besprekings word gereeld gehou oor die inligting wat op Landbou.com beskikbaar gestel word."

Saunderson jr. glo ook in meer formele opleiding en laat sy werkers jaarliks die Dorpertelersgenootskap se kursusse vir juniors en seniors bywoon.

Aangesien hy as stoetteler 'n bepaalde bouvorm, funksionele en doeltreffende eienskappe nastreef, is sy klem eerstens op vrugbaarheid. Hy sê teel- en winsdoelwitte word makliker bereik as jy meer lammers en dus 'n groter keuse van vervangingsooie het.

Tegnologie word ingespan om rekord

te hou van elke dier asook die dier se persoonlike bydrae ten opsigte van produksie, die gehalte van die nageslag en inkomste gegeneer. Die Mobile-stelsel vir die bestuur van lewende hawe word gebruik om elke ooi se produksie ten opsigte van die getal lammers, gehalte en inkomste dop te hou. Uitskotdiere word só uitgewys en die-re wat die beste lammers lewer, word beter bestuur. "Indien ons 'n bepaalde neiging bespeur en die foutfaktor onaanvaarbaar hoog is, word bepaalde ramme nie weer gebruik nie."

Nooitgedacht se lampersentasie was 111 in die tydperk voor Landbou.com se

bestaan (Desember 2006). Die daaropvolgende jaar is met 135 afgesluit. In 2008 het die lampersentasie tot 140,48 gestyg, terwyl verlede jaar met 154,5 afgesluit is.

"Neem in ag dat genetiese vordering van ongeveer 2 % per jaar ten opsigte van vrugbaarheid realisties is. Die res moet toegeskryf word aan die uitskot van ooi wat nie lam nie en dié wat min lammers voortbring (te danke aan Malan), prikkelvoeding, koggelramme, skaapskaduwees en skandering (te danke aan Coetzee), die aanvulling van spoorelemente (te danke aan Smith) en personeel wat kalm werk met diere en die regte goed reg doen.

"Mnr. Francois Theron van KLK Landbou Bpk. soek ook telkens met skandering die ooi met probleme uit om geslag te word. Die ooi waaroor hy twyfel, word aangeteken en teen laatyd word hulle heroorweeg," sê Saunderson jr.

In die Nooitgedacht-stoetery word voortdurende seleksie toegepas sodat nie net ou ooi nie, maar veral ooi wat min lammers lewer voortdurend vir uitskot uitgewys word. Só word ooi wat nie lam nie of ongereeld lam, geïdentifiseer en geslag.

In die praktyk word ooilammers op Nooitgedacht soos volg gekeur: Eerstens word hulle op die ouderdom van drie maande en daarna op ses maande geweeg. Slegs ooi wat op hierdie tydperk 'n indeks van 95 % of beter het, slaag die eerste keuring as moontlike vervangingsooie, aangesien speengewig en naspeense gewigstoename volgens navorsing onderskeidelik 33 % en 71 % oordraagbaar is.

➔ 6

“Die gewig op die ouderdom van drie maande is vir ons ’n aanduiding van die lam se groei, maar meer nog hoe goed die moeder van die lam is. Die gewig op ses maande sê vir ons hoe goed die lam op sy eie kon groei, aangesien dit naspeense ontwikkeling is,” sê Saunderson.

Voortplantingstelsel

Op die ouderdom van 10 maande gaan die ooië deur die tweede keuring, naamlik die meting teenoor die rasstandaard. Ooië wat die keuring slaag en 80 % van die volwasse gewig bereik het, word kunsmatig bevrug. Alle ooië op Nooitgedacht word kunsmatig bevrug om optimaal korrekief of progressief gepaar te word, maar ook vir optimale bestuur. Saunderson jr. doen kunsmatige inseminasie (KI) self, maar laparoskopiese bevrugting en embryo-oorplantings word aan die veeartse van Ramsem oorgelaat.

Die finale keuring vind plaas wanneer dié jong ooië se eerste lammers gemerk word. Die maatstaf is vrugbaarheid en moederskap, dit wil sê die ooi moes nie net natuurlik gelam het nie, maar ook die lam goed kon versorg.

Om optimale lampernsentasie te verseker, word ooië ses weke voor KI deur inenting en dosering voorberei. Ooië word dan ook met die hand-en-oog-metode uitgehaal vir paring met ’n spesifieke ram. Danksy deeglike rekordhouding, kan Saunderson sien van watter ram of bloedlyn ’n betrokke ooi in die verlede die beste lammers gelever het.

Hulle vergelyk stambome om inteling te voorkom, stel die paringslys op en die ooi kry ’n spesifieke kleurplaatjie om te identifiseer met watter ram sy gedek gaan word. “Ons gebruik net ramme of die saad van ramme wat ’n wesenlike, gunstige invloed op die ras gemaak het en uit bepaalde bloedlyne kom.”

Goeie teelmateriaal verseker die gehalte van die lammer-oes en die optimale bestuur van elke ooi verseker die grootte daarvan.

Alle hantering van ooië moet voltooi wees ses weke voordat hulle paar, anders word die besettingsyfer ongunstig beïnvloed. Hulle jaag die ooië in ’n oorlê-kamp en prikkel elkeen met 250 g Maxiwol (V4985) per dag. Voldoende skaduwee word voorsien om hittestres tot die minimum te beperk.

Hulle ent en doseer die ramme soos die



Die vroue van Nooitgedacht lewer ’n onontbeerlike bydrae tot die sukses van die boerdery. Mev. Isabel Saunderson (regs) help onder meer met die kunsmatige inseminasie van die ooië, terwyl haar skoonma, mev. Gertha Saunderson, die algehele administrasie behartig.



Die netjies gebinde weer-gawe van artikels oor veebestuur wat mnr. Charl Saunderson jr. as rigsnoer in die Nooitgedacht-stoetery gebruik.

ooië. Die ramme kry daarby ook drie maal per week koringkiemolie om optimale saadgehalte te verseker. Die Saundersons toets ook die ramme se semen, aangesien KI ’n te duur proses is om swak saad te gebruik.

Hulle vorm paringsgroepe soos wat lammers gespeen en ooië vir KI beskikbaar maak asook jong ooië wat die ouderdom van 10 maande en 56 kg bereik. Ooië wat ses weke nadat die opvolgram uitgehaal is, nie dragtig skandeer nie, word gemerk, aangeteken en dan in ’n nuwe paringstrop vir ’n laaste kans geplaas. As hierdie ooië weer oorslaan, bemark hulle dié ooië as slagdiere.

Saunderson jr. probeer elke ses weke ’n trop paar om sodoende deur die jaar ramme vir kopers, veilings en veldramprojekte beskikbaar te hê. Die lamtye is kort,

aangesien elke paringstrop binne 34 dae klaar lam om die bestuur te vergemaklik. Die paartje word só ingedeel dat elke ooi gemiddeld vier lamkanse in drie jaar het.

Ramlammers word op die ouderdom van drie maande of 30 kg gespeen. Dorpers is vroeg geslagsryp en hulle moet reg bestuur word om die besetting van ooië deur ramlammers te voorkom. Teen speentyd plaas hulle die ramlammers in ’n voerkamp om hulle deur die speenskok te help. Ná 30 dae word hulle in ’n jong ramtrop in die veld opgeneem.

Hulle los die ooilammers langer by die moeders en vat hulle eers op die ouderdom van vier maande weg. Hulle oorbrug die speenskok ook 30 dae lank in ’n voerkamp.

Volgens die navorsing van **Landbou.com** se adviseurs is jong ooië wat nooit gewig verloor het nie of altyd ’n gunstige groei-kurwe gevolg het, vrugbaarder. Derhalwe versorg hulle jong ooië goed. Hulle word dan uitgeplaas na ’n jong ooitrop tot dat hulle vir paring voorberei word.

Uitskotlammers

Die Saundersons bemark alle uitskotlammers sodra hul gradering reg is en hulle so swaar as moontlik is.

Die slaguitslag van Nooitgedacht se Dorpers by ’n onderneming op Upington in 2009 was: A1 = 2,35 %, A2 = 80 %, A3 = 15,3 % en A4 = 2,35 %. Die gemiddelde lewende gewig was 50,42 kg en die koue karkasgewig was 25,36 kg, wat ’n uitslagpersentasie van 50,3 gee. Saunderson sr. se beleid is om slaglammers net te verkoop as hy seker is hulle sal as A2 of A3 gradeer. In swak veldtoestande sal hulle lammers voer om seker te maak hulle bemark nie A1 of te ligte lammers nie. Net so sal hulle lammers in goeie veldtoestande eerder vroeër bemark as om A4-lammers te lewer. Hulle laat slag dus nooit in groot getalle nie, maar eerder meer gereeld soos wat lammers gereed is vir bemarking. Die wagwoord bly optimale waarde, aangesien hulle elke lam net een maal kan verkoop.

“Ons weet dat ons nog nie naby die Dorper se volle potensiaal gekom het wat vrugbaarheid en bouvorm betref nie en ons sien dus uit na interessante tye saam met **Landbou.com**. Dit maak nie saak met watter ras jy boer nie, boer net met dit wat vir jou reg is en maak net die regte dinge meer.

“Grond word onnodig gebruik om ooië wat min en ongeregeld lam aan te hou en net jou lampersentasie en wins verniel. Deur optimale bestuur kan ons streng selekteer, aangesien ons alles moontlik gedoen het om optimale produksie te verseker. Seleksie is nie net gefokus op die skep van gehalte in ons eie stoetery nie, maar om ons medeboere te voorsien van ramme, ooië, semen en embryo’s wat hulle op ’n winspad sal plaas,” sê Saunderson jr. ■